GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2022

NASIENRIGLYNE

AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2 (10022)

25 bladsye

NASIENRIGLYNE

- As ’n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis en die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar die woordorde moet korrek wees.
- As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. ’n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike konflik of kontras gevra word, verdien die kandidate 2 punte omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word. Die kandidaat verdien 1 punt indien een kant gestel word by konflik, vergelyking, verskil en kontras en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, dan word twee punte toegeken.
- Indien ’n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien ’n feitefout die argument beïnvloed/omver gooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in (’n) sin(ne) of met koeëlpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Vraagnommer		Antwoord	Punt	Vlak
2.1		Dit is Hanna se (15e/vyftiende) verjaardagpartytjie.	(1)	1
2.2		Die huis waar Hanna en haar gesin gaan vakansie hou is ’n huis in die berge (ver van geriewe).	(1)	2
2.3	2.3.1	• Gavin • Hanna se (biologiese) pa EN Gavin is ’n • klere-ontwerper • mode-ontwerper *(Enige EEN)*	(1)	1 2
	2.3.2	Alhoewel Hanna se ma die huis as luuks, met baie geriewe, beskryf (1), ervaar Hanna die huis as ’n hool wat baie ongerieflik is. (1) *(Soortgelyke antwoord, maar albei kante moet genoem word vir 2 punte, 2/0)*	(2)	4
2.4				
	2.4.1	• Hanna en haar pa het mekaar gevind en beter oor die weggekom. • Hanna het haar pa aanvaar vir wat hy is. (*Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	3
	2.4.2	• Hanna aanvaar haar pa se verjaardaggeskenk. • Hanna en haar pa gesels vir die eerste keer oor hulle pa-en-dogter-wees. • Gavin sê vir Hanna hoe spesiaal sy vir hom was by geboorte. *(Enige TWEE of soortgelyk)*	(2)	3
2.5		• B • Sharon • B Sharon *(Enige EEN)*	(1)	1

2.6	2.6.1	• B • Fabienne se pa • B Fabienne se pa *(Enige EEN)*	(1)	3
	2.6.2	• E • Fabienne se suster • E Fabienne se suster *(Enige EEN)*	(1)	3
	2.6.3	• C • Fabienne se ma • C Fabienne se ma *(Enige EEN)*	(1)	3
	2.6.4	• A • Hanna se broer • A Hanna se broer *(Enige EEN)*	(1)	3
2.7	2.7.1	Alterego	(1)	3
	2.7.2	Fabienne is alles wat Hanna graag wil wees. *(Of soortgelyk)*	(1)	2
2.8	2.8.1	Vervloekte verfkwas	(1)	2
	2.8.2	Fabienne • sny haar polse met ’n skerp lem en bloei dood. • pleeg selfdood. *(Enige EEN of soortgelyk)*	(1)	3
2.9	2.9.1	Niemand was lus om konsert te hou nie en Gavin moes almal oortuig en motiveer om deel te neem. *(Of soortgelyk)*	(1)	3
	2.9.2	Die hele familie was vasgekeer op die berg (reën). Gavin reël die konsert sodat hulle van hulle ellende kan vergeet.	(1)	3
	2.9.3	Die "verhoog" is die leë sitkamervloer.	(1)	1
2.10	Margot het die prys vir die beste item gewen.		(1)	2

2.11 Ja.
- Dis belangrik om te weet wat ander mense dink/sê.

OF

Nee.
- Dis ongeskik om ander mense se gesprekke af te luister.
- Ander mense se gesprekke is privaat.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

2.12 Niemand is ooit tevrede met sy of haar eie lewe nie.
(Of soortgelyk) (1) 2

2.13 2.13.1
- Gavin is gay en was glad nie betrokke by Hanna se opvoeding nie.
- Hy het haar baie min gesien in die afgelope 15 jaar. (2) 2

2.13.2 Margot voel skuldig omdat sy haar 2 seuns in Suid-Afrika gelos het om roem en 'n loopbaan te gaan soek in Amerika. (1) 3

2.14 Ja
- 'n Ouer behoort nie sy persoonlike gevoelens en/of werk bo sy kinders te stel nie.

OF

Nee
- 'n Ouer kan steeds 'n goeie pa/ma wees as hulle nie altyd by hulle kinders is nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

2.15 Dit moet 'n organisasie wees waar alle ouers, wat voel dat hulle as ouers misluk het, bymekaar kan kom en hulle harte uitpraat.
(Of soortgelyk) (1) 2

2.16
- D
- Maria Gertruida Johanna Jordaan
- D Maria Gertruida Johanna Jordaan

(Enige EEN) (1) 2

2.17 Margot wou graag 'n suksesvolle beroepsvrou en aktrise wees, (1) maar dit beteken dat sy nie by haar kinders in Suid-Afrika kan wees nie. Sy moet dan in Amerika bly. (1)
(Of soortgelyk) (2) 3

2.18 Ja
- Hanna is baie soos ek – ek hou ook van skryf.
- Hanna is iemand wat hou van alleen wees – net soos ek.

OF

Nee
- Hanna is negatief en kla en kerm oor alles.
- Sy luister mense af – dis verkeerd.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

2.19 Mana
Hanna se ma (1)
sy het aan haar geboorte geskenk en haar opgevoed. Sy het haar geleer hoe om onafhanklik te dink. (1)

OF

Tibo
Hanna se boetie (1)
hy het Hanna geleer dat daar tog rede is om dankbaar te wees vir haar ouers – en veral haar pa. (1)

OF

Fabienne
Hanna se alterego (1)
Fabienne het Hanna se lewe positief beïnvloed omdat sy in die moeilikste tye vir Hanna 'n ontvlugting was en uiteindelik gehelp het dat Hanna haar eie familie aanvaar. (1)
(Enige EEN of soortgelyk) (2) 4
[35]

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
4	10	14	5	2
14		14	7	
40%		40%	20%	

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

HIERDIE ROMAN WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Vraagnommer		Antwoord	Punt	Vlak
4.1	4.1.1	Onsekerheid	(1)	3
	4.1.2	Lien was onseker dat haar Ma sal ophou drink, want haar Ma het haar by 'n vorige geleentheid teleurgestel nadat sy uit die kliniek/ rehabilitasiesentrum gekom het, toe sy weer begin drink het. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)* *(Vraag 4.1.1 moet KORREK wees om hier punte te verdien.)*	(1)	3
4.2		(Lien se Pa is) in die tronk.	(1)	1
4.3		• C • dit vir Lien belangrik is om haar ma se situasie te verstaan. • C dit vir Lien belangrik is om haar ma se situasie te verstaan. *(Enige EEN)*	(1)	3
4.4		Lien het … • gewens dat sy eerder in die motor kon bly sit. • vir tannie Bets gevra het om saam met haar uit te klim. • ongemaklik gevoel toe haar ma haar gedruk het. • haar vrae huiwerig gevra. • gesukkel om 'n gesprek te voer/ongemaklike stiltes ervaar. • met die eerste besoek omgedraai/sy kon nie ingaan nie. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	2
4.5	4.5.1	"Ek gaan nie meer regte swot nie,"	(1)	1
	4.5.2	Lien se pa dink dat … • Lien glo alle prokureurs/hy skelm is. • sy twyfel of daar geld is om regte te gaan studeer. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	4
	4.5.3	Drama	(1)	1
4.6		Lien se pa ... • het grys geword/oud geword. • loop nou effens krom. • het 'n vreemde/ongelukkige trek om sy mond gehad. • se oë het nie meer gelag nie. • se gesig het hartseer/"sad" gelyk. • het verleë gelyk. • was ongemaklik. • loop nou effens krom/ hy was 'n trotse man wat regop geloop het *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	3

4.7 4.7.1 Vergifnis (1) 3

4.7.2
- Dit was belangrik vir Lien om haar ma en haar pa te vergewe sodat sy heel/gesond kan word.
- Dit was belangrik vir Lien om haar ma en haar pa te vergewe sodat hul familie weer herstel kon word.

(Of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3

4.8 Dit verwys figuurlik na ...
- die moeilike situasie/verantwoordelikhede wat sy moes dra.
- die volwasse/grootmensskoene wat sy moes volstaan.
- deursettingsvermoë.
- opoffering/uithouvermoë.
- aanhou.
- geduld.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3

4.9
- Lien is aanvanklik baie onvriendelik en kort-af met Gerhard toe hy die eerste keer by hulle kom kuier, maar
- sy het later selfs na Gerhard gegaan om hulp te vra vir haar ma al voel sy hy is jonk en onervare/sy het later selfs Gerhard se versoek gehoorsaam deur die lys van hulle behoeftes te maak soos hy gesê het.

(Of soortgelyk aan bogenoemde. Moet die veranderinge noem d.w.s onderskeid wys tussen eers en later.) (2) 4

4.10 Ek sou:
- Hulp by ’n inrigting/ rehabilitasiesentrum vir my ma gesoek het
- Met my ma oor haar probleem gesels het
- My ma gelos het om self haar probleem op te los

(Of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

4.11 4.11.1 D
Tibbey
D Tibbey
(Enige EEN)

4.11.2 A
Tannie Bets
A Tannie Bets
(Enige EEN)

4.11.3 B
Gerhard/Kuifie
B Gerhard/Kuifie
(Enige EEN)

4.11.4 E (4) 3
Wouter
E Wouter
(Enige EEN)

4.12 C/Malie se Tuin/ Malie's Garden
A/Millennium Creations
B/Op straat bedel om geld bymekaar te maak (3) 1

4.13 Garden of Evil (1) 1

4.14 4.14.1 desperaat (1) 3

4.14.2 Lien het desperaat geword en het op die hoek van die straat gaan staan en bedel, want sy moes meer geld kry om vir haar en haar broer, Braam te sorg./ Om vir Braam 'n nuwe denim en krieketpads te koop. / sy moes die woonstelhuur betaal./ sy moes geld spaar vir haar vliegtuigkaartjie oorsee (*Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1) 3

4.15
- Lien vertel vir tannie Bets van haar bedanking.
- Tannie Bets vertel vir haar van Dirkie en Donovan wat iemand tydelik by Millennium Creations nodig het.
- Sue-Ellen is op kraamverlof en hulle het iemand tydelik nodig wat in die middae en Saterdagoggende kan werk.
- Lien vertel vir tannie Bets van haar bedanking/ sy het haar werk bedank.
- Sue-Ellen is op kraamverlof … Saterdagoggende kan werk/ Lien het aan Dirkie se deur gaan klop vir die werk by die haarsalon. (3) 2

4.16 Tibbey (1) 1

4.17
- Dirkie het vir Lien moreel ondersteun deur haar te help om vir Tibbey te soek.
- Hy het haar rondgery na die hospitaal om vir Tibbey te besoek.
- Hy het haar aangemoedig om hulp by Gerhard te vra vir haar ma.
- Hy borg Braam se krieketspan nadat Lien hulle oortuig het.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3

4.18 Ja
- Dis hoe mense reageer as hulle geskok is
- Dis normaal vir iemand om te vries en in jou bene lam te word as jy so 'n gebeurtenis aanskou.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

Nee
- Sy kon probeer help het.

(OF soortgelyk aan bogenoemde) (1) 4

4.19 Dit leer 'n mens dat jy ...
- deur harde werk al jou struikelblokke kan oorkom.
- uit kan uitstyg bo jou moeilike omstandighede.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		14	7	
40%		40%	20%	

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

HIERDIE DRAMA WORD NIE IN GAUTENG GETOETS NIE.

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Vraagnommer		Antwoord	Punt	Vlak
6.1		Toorwater	(1)	2
6.2		• C • verlatenheid, eensaamheid en isolasie • C – verlatenheid, eensaamheid en isolasie *(Enige EEN)*	(1)	3
6.3		• Katrien voel eensaam en wil graag met die trein weggaan, maar sy kan nie haar familie agterlaat nie. • Katrien sien die trein as haar wegbreek uit haar eensame lewe, maar haar gesin is belangriker as haar geluk. • Katrien hunker na 'n meer opwindende lewe waar sy kan reis en plekke sien, maar sy kan nie haar familie agterlaat nie. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	3
6.4		Nee • Sy kon saam met hom weggehardloop het, maar sy het nie. • Sy was meer besorg oor haar kinders as oor haar eensaamheid. • Sy het vir Hendrik gesê dat hy die enigste man is wat sy liefhet. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	2
6.5		• Hy is bang dat Willem kon seerkry. • Hy vertrou nie die vreemdelinge en die diere nie. • Die diere kon ontsnap en Willem doodmaak. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	1
6.6		• Emma het gesê dat sy nooit gaan trou nie. • Hendrik is bang sy gaan 'n oujongnooi word. • Hendrik glo sy sal nooit 'n ordentlike man soos Nollie kry nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	2
6.7	6.7.1	ongelukkig	(1)	1
	6.7.2	• Hy was bang dat hulle sy kinders sou seermaak. • Hy vertrou nie die vreemdelinge nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	1
6.8		Ja • Aan die begin het hulle skaars met mekaar gepraat, later gaan hulle saam volstruisdans toe.		

- Aan die begin het hulle min tyd saam met mekaar spandeer, later dans hulle saam op die stoep voor hulle gaste. (2) 3

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidate moet TWEE kante stel om punte te verdien.)

6.9 6.9.1
- C
- Manuel word ernstig beseer
- C Manuel word ernstig beseer

(Enige EEN) (1) 3

6.9.2
- D
- Macdonald se vrede was ontwrig
- D MacDonald se vrede was ontwrig

(Enige EEN) (1) 3

6.9.3
- B
- Willem kon weer praat
- B Willem kon weer praat

(Enige EEN) (1) 3

6.9.4
- A
- Die volstruisdans was ’n mislukking.
- A Die volstruisdans was ’n mislukking.

(Enige EEN) (1) 3

6.10
- Hendrik werk gedurig aan sy stukkende kar.
- Hy praat baie oor onbelangrike dinge.
- Hy spandeer baie tyd saam met Nollie en nie saam met sy gesin nie.
- Hy luister na nostalgiese, romantiese musiek.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 4

6.11 6.11.1
- Aan die begin, wou Emma niks met Nollie te doen hê nie, later gaan hulle saam volstruisdans toe.
- Eers kruip sy weg in haar kamer wanneer Nollie kom kuier, maar later sit hulle op die stoep en vry.
- Eers het sy van hom weggehardloop, later sit hulle by die stroompie en gooi mekaar met water.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)
LET WEL – die kandidaat moet twee kante stel vir twee punte. (2) 3

6.11.2
- Emma is later gemaklik om saam met hom te wees.
- Sy begin van Nollie se geselskap hou en hardloop nie meer weg van hom nie.
- Sy begin Nollie vertrou.
- Sy het besef dat Nollie nie ’n slegte persoon is nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3

6.12 Ja
- Hy wil op die verhoog optree en die windpomp is ’n tipe verhoog.
- Hy wil ’n nar word en weggaan van sy mense.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

Nee
- Hy wil nie op die verhoog (windpomp) optree nie.
- Hy wil net wegkom van die lawaai op die stoep.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 5

6.13
- Die mense van die kerk het teen die nar gediskrimineer op grond daarvan dat hy boos is.
- Die gemeenskap veroordeel die nar en Willem a.g.v. die narrepak en grimering wat hulle dra.
- Mense kan versoen en saamleef nadat hulle hul verskille opgelos het.

(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) (3) 2

6.14
- A
- eensaamheid
- A eensaamheid

(Enige EEN) (1) 3

6.15 JA

Met sy invloed kon ...
- Willem weer lag.
- Willem weer praat.
- Willem nou ’n vrolike kind wees.
- Willem se selfbeeld verbeter.
- Willem alleen in sy kamer slaap.
- Willem beter met sy gesin kommunikeer.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

6.16 ONWAAR
- Hulle kom kuier nadat die dans misluk het.
- Hulle wil om verskoning vra oor die tamatie en eier- gooiery.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3

6.17
- Hy het Willem gehelp om sy selfvertroue te herontdek.
- Hy het hom gehelp om weer te praat.
- Die verhoudings in Hendrik se huis het verbeter.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (3) 4

6.18 Katrien ...
- is nog lief vir haar man.
- wil graag saam met hom en haar kinders wees.
- hulle het reeds baie dinge saam beleef.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 1

6.19
- Hy ontvang die mans by sy huis asof niks by die Volstruisdans gebeur het nie.
- Hy nooi ook hulle vrouens om uit die motors te klim en saam te kuier.

(Of soortgelyk) (2) 2

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
7	7	14	4	7
14		14	7	
40		40	20	

VRAAG 7: *FIELA SE KIND* – Dalene Mathee

Vraagnommer		Antwoord	Punt	Vlak
7.1	7.1.1	Dit is toneelaanwysings./ Wys dat die karakter van die verhoog af gaan./ Dui op die aksies wat karakters uitvoer.	(1)	3
	7.1.2	• **Ligte** kan aan en af gaan. • **Musiek**. • **Dekor** kan verander word. • ’n **Stem op band**. • Die **gordyn** kan oop- en toegaan. • Gebruik ’n ouer akteur *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	3
7.2	7.2.1	eksposisie	(1)	3
	7.2.2	• Die huis se dak lek. • Die kinders het chroniese verkoue. • Barta het nie skoene nie. • Hulle eet net patats. • Hulle het nie genoeg komberse nie. • Elias is te lui om te werk. • Elias het nie geld vir ‘n geweer en koeëls nie. • Nina het op die dorp gaan werk. • Elias het vir Nina geld laat haal. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	3
	7.2.3	Grootvoete	(1)	1
7.3.	7.3.1	• Hy is selfsugtig. • Elias is baasspelerig. • Elias is lui en deel net bevele uit. *(Of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se opinie)*	(1)	4

7.3.2
- Hy was dalk verbaas dat sy kind mag weg wees ✓ maar is lui om iets te doen. ✓
- Hy was dalk geskok dat Lukas nie gevind kan word nie, maar het nie genoeg selfvertroue gehad om iets te doen nie. ✓
- Hy was dalk oorbluf dat Lukas nêrens is nie, ✓ aar is nie gewoond daaraan om proaktief op te tree nie. ✓

(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen.) (2) 3

7.3.3 Sy het met die vuur gesukkel. (1) 1

7.4
- B
- patats
- B patats

(Enige EEN) (1) 3

7.5 7.5.1
- Die sensusmanne se koms sit die handeling aan die gang
- Dit is die begin van die opbou van spanning.
- Alles daarna het Benjamin se lewe verander.
- Indien dit nie gebeur het dat die sensusmanne gekom het nie, was daar nie ’n storielyn nie.

(Enige EEN) (1) 3

7.5.2
- Hy dink nie enige bruin mense kan lees of skryf nie.
- Hy het aangeneem bruin mense besit nie grond nie.

(Of soortgelyk) (1) 3

7.6
- Die nag toe sy hom gekry het, ontferm sy haar oor hom.
- Sy probeer die kind as verlore aanmeld.
- Toe die sensusmanne Benjamin ontdek het, weier sy dat hulle hom op die perdekar laai.
- Fiela loop twee maal Knysna toe om met die magistraat te gaan praat.
- Voordat hy na die magistraat toe moet gaan, bad sy hom.
- Voor die sensusmanne hom kom haal, maak sy seker hy het ’n nuwe hemp en skoene en vyf sjielings.
- Ten spyte daarvan dat die magistraat haar met tronkstraf dreig neem sy Benjamin se goed na die Van Rooyens toe.
- Fiela het later vir Benjamin grond gekoop.
- Fiela het na die van Rooyens toe gagaan om vir Benjamin te kuier.
- Fiela het vir Benjamin leer lees.
- Fiela het vir Benjamin Godsdiens geleer

(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) (3) 2

7.7 Nee.

Benjamin was ..

- hartseer.
- bang.
- verskrik.
- ongelukkig.
- benoud in die Bos.

Elias het hom mishandel./Hy was nie gewoond aan die geweld nie./ Hy het probeer wegloop./Daar is nie ’n liefdevolle atmosfeer by die van Rooyens nie./Hy was weggevat van sy familie af./Hy wou nie vir Elias en Barta aanvaar as sy ouers nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

7.8 Nee.

- Benjamin het nie verstaan wat aangaan nie.
- Hy was te jonk.
- Hy was alleen en weerloos sonder sy hansma Fiela.
- Benjamin kon nie deur Fiela ondersteun word nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

7.9 Nee.

- Die magistraat het besluit Benjamin is Lukas.
- Benjamin moes saam met die van Rooyens huis toe gaan.
- Die magistraat glo Bartha is Lukas se ma. (1) 5

7.10 Barta ...

- is beïnvloedbaar.
- is onseker van haarself.
- het min selfvertroue.
- het geen integriteit nie.
- is oneerlik.
- is ’n swak karakter/ Swakkeling want sy is beïnvloedbaar.
- laat haar manipuleer.
- het eienskappe van ’n mishandelde vrou daarom het sy nie teruggepraat nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 2

7.11 Hulle eet dit op. (1) 1

7.12

- Lukas het op driejarige ouderdom weggeraak en Benjamin was ongeveer drie jaar oud toe Fiela hom gekry het.
- Barta het Lukas onmiddellik uitgeken.
- Nina het gehoor Fiela is bruin en ’n bruin vrou kan nie ’n wit kind hê nie.
- Die boswagter het gesê dat Lukas moontlik lewend gevind is.
- Fiela kan nie sy ma wees nie want sy is bruin, wie se kind is hy dan anders as Barta s’n.
- Haar ouers keer terug van Knysna af met Lukas by hulle.
- Elias het dit vir die kinders gesê.

(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) (3) 2

7.13 Haar bottels/ bottels (waarop sy musiek maak). (1) 1

7.14 (Met ’n mes) afgesny/ afgesny / gesny (1) 1

7.15 Nina (1) 1

7.16 Die see ...

- beteken vryheid vir Benjamin.
- bied vir hom ’n nuwe wêreld.
- bied vir hom nuwe geleenthede.
- van die storms in Lukas se lewe.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 4

7.17
- Sy wil vir Benjamin wys sy ondersteun hom.
- Benjamin moet weet sy keur die verhouding tussen hom en Nina goed.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

7.18 7.18.1
- B
- Miss Weatherbury
- B Miss Weatherbury

(Enige EEN) (1) 3

7.18.2
- E
- Kaliel September
- E Kaliel September

(Enige EEN) (1) 3

7.18.3
- D
- John Benn
- D John Benn

(Enige EEN) (1) 3

7.18.4
- A
- Dikke
- A Dikke

(Enige EEN) (1) 3

7.19 Met Benjamin

- Hy het nooit moed opgegee nie, al was sy omstandighede hoe swaar.
- Hy het aangehou om na sy identiteit te soek.
- Hy het nie toegelaat dat pyn hom verbitter nie.

OF

Met Fiela

- Sy is dapper.
- Sy het nie verbitterd geraak nie, al was sy onregverdig behandel.

OF

Met Kitty (Emma)

- Sy help haar ouers in die huishouding. (skryf briewe namens hulle)

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 4

[35]

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
6	7	15	3	4
13		15	7	
37.1%		42.8%	20%	

TOTAAL AFDELING B: 35

VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 'VEGVLIEËNIER VIVIAN' – Francois Geringer

Vraagnommer	Antwoord	Punt	Vlak
8.1.1	(Kaptein) Leon Swart	(1)	1
8.1.2	• Haar vriend, John, het nie in haar geglo nie. • Die ondervraging deur die keurraad was baie moeilik/hulle het moeilike vrae gevra. • Die keurraad het nie geglo dat sy die fisieke opleiding sou kon slaag nie. • Die fisieke opleiding was baie straf. • Die sielkundige stryd teen ander mans op die basis het haar magteloos laat voel. *(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(3)	2
8.1.3	die leser insig gee oor gebeure in die verlede	(1)	1
8.1.4	John/Haar vriend	(1)	1
8.1.5	• Die mans/ander vlieëniers het haar uitgesluit voor die aanval toe hulle in die aantrekkamer vir mekaar "skerp wees" gesê het. • Die mans het sonder haar ’n kring gemaak en mekaar sterkte toegewens. • Vivian was nie deel van die kring waar die mans met uitgestrekte hande vir mekaar "skerp wees" gesê het nie. • Vivian se instruksies laat haar nie deelneem aan die geveg nie, sy moet net uitkyk vir die vyand. • Vivian moet net bo die ander sirkel en uitkyk vir die vyand. • Vivian se kaptein laat haar nie aktief aan die geveg deelneem nie. *(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	3

8.1.6 (a)
- D
- Daar sal ’n tugverhoor gehou word.
- D Daar sal ’n tugverhoor gehou word.

(Enige EEN) (1) 3

(b)
- A
- ’n Lewensgevaarlike situasie
- A ’n Lewensgevaarlike situasie

(Enige EEN) (1) 3

(c)
- E
- Lewensverlies
- E Lewensverlies

(Enige EEN) (1) 3

(d)
- B
- ’n Lewe word gered
- B ’n Lewe word gered.

(Enige EEN) (1) 3

8.1.7
- Vivian wou baie graag ’n vegvlieënier wees.
- Dit was haar droom om ’n vegvlieënier te wees, maar so baie mense en situasies het dit vir haar moeilik gemaak.
- Sy kon maklik opgee op haar droom omdat baie mense teen haar gekant was.

(Beide kante van die konflik moet genoem word) (2) 5

8.1.8
- Vivian se kollegas het haar wakker gemaak (as sy aan die tafel aan die slaap geraak het).
- Hulle het haar gedwing om te eet.
- Hulle het haar met die fisiese oefening gehelp en sy het hulle met die teorie gehelp.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 2

8.1.9
- B
- trotsheid omdat sy haarself as gelyke bewys het
- B trotsheid omdat sy haarself as ’n gelyke bewys het

(Enige EEN) (1) 3

8.1.10
- Dit bewys dat vroue/iemand dit kan doen wat hulle wil as hulle net deursettingsvermoë het.
- In ’n omgewing waar daar steeds diskriminasie is, hoef vroue nie terug te staan nie.
- Daar is nie iets soos ’n man se werk of ’n vrou se werk nie, as dit jou droom is, moet jy dit nastreef.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 5

8.2 **"Van Precious: ’n Buisie salf" – Maretha Maartens**

8.2.1
- Hulle was op pad na ’n debatskompetisie.
- Die debatskompetisie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 1

8.2.2
- Coenie se onderwyseres/Mevrou Buchner het hom aangemoedig om deel te neem.
- Coenie vermoed sy ma het met die onderwyseres gekonkel (om deel te neem aan die kompetisie).
- Coenie se onderwyseres wou hom uit sy dop laat kruip (en het hom aangemoedig om aan die kompetisie deel te neem).
- As gevolg van sy lelike vel/aknee

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 2

8.2.3 Aan die begin van die kortverhaal is dit die tema van die debatskompetisie,✓ maar aan die einde van die kortverhaal het Coenie en Precious hulle eie weergawe van die Waarheidskommissie as hulle vir mekaar die waarheid vertel omtrent dit wat hulle in hulle lewens pla.✓ (2) 4

8.2.4 (a) selfbeeld (1) 1

(b)
- Coenie het aknee (puisies) en sien homself as ’n monster (Ondier).
- Coenie is selfbewus oor sy vel (puisies) en dink hy is ’n monster (Ondier).
- Coenie wil ook graag ’n vriendin hê, maar glo dat hy almal sal afsit.
- Coenie dink dat ’n meisie vir hom sal gril soos die Ondier.
- Coenie glo dat hy soos die Ondier alleen sal bly.
- Coenie glo nie dat daar vir hom ’n Skoonlief sal wees nie.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2) 3

8.2.5
- Coenie (en die ander leerders) is op pad na ’n debatskompetisie.
- Coenie neem deel aan ’n debatskompetisie.
- Daar was ’n ongeluk.
- Die bussie het gerol.
- Iemand het die bussie gestamp.
- Coenie en Precious is uit die bussie geslinger.
- Coenie en Precious het naby mekaar geland.
- Coenie en Precious het begin gesels terwyl hulle om hulp gewag het.

(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) (3) 3

8.2.6 (a) Precious (Bapela) (1) 2

(b) Ja
Sy (Precious) is verkrag. (1) 2

8.2.7 (a)
- Dat hy nooit moeite gedoen het om vir Precious beter te leer ken nie.
- Dat hy dink sy probleme so erg is.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

(b)
- As hy vir Precious beter geken het en 'n vriend vir haar kon wees dan sou sy dalk nie alleen deur haar trauma moes werk nie.
- Hy is bekommerd oor sy vel, iets wat hy kan verander. Ander mense het probleme wat nie verander kan word nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

8.2.8 Ja
- Hy is reeds selfbewus oor sy vel, maar sy druk hom om dinge te doen wat hy nie regtig wil doen nie.
- Sy plaas hom in situasies waar hy meer selfbewus oor sy vel gaan wees.

OF

Nee
- Hoe Coenie oor sy vel voel het niks met sy ma te doen nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

8.2.9
- Sy is braaf genoeg om haar geheim met iemand anders te deel.
- Sy help vir Coenie om te besef dat nie alle probleme permanent is nie.
- Hoewel sy self seergekry het in die ongeluk, probeer sy steeds daar wees vir Coenie.
- Sy neem haar mag terug as sy haar geheim met Coenie deel.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

[35]

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
5	9	14	2	5
14		14	7	
40%		40%	20%	

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 'DIE BOODSKAPPER' – Peter Snyders

Vraagnommer		Antwoord	Punt	Vlak
9.1.1	(a)	• die aandster • Venus • die (helderste) ster *(Enige EEN van bogenoemde)*	(1)	1
	(b)	Die woord "die" dui aan dat dit spesifiek is.	(1)	2
	(c)	• 'n Boodskap van liefde • Die spreker is lief vir sy geliefde. • Die boodskap wat die spreker vir sy geliefde wil stuur • Die boodskap dat hy aan sy geliefde dink. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	2
9.1.2		• A • "speels" • A "speels" (*Enige EEN)*	(1)	3
9.1.3		knipoeg/knipoog	(1)	3
9.1.4	(a)	romanse	(1)	2
	(b)	• Die aandster is die ster van liefde. • Die spreker stuur 'n liefdesbriefie aan sy geliefde. • Die aandster verwys na die godin van liefde. • Venus is teenwoordig. • Jy knipoog vir iemand van wie jy hou.	(2)	3
9.1.5		• Die aandster staan ook bekend as Venus en Venus is die (Griekse) godin van die liefde. • Venus is die simbool van die liefde. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	4
9.1.6		• Die spreker sê dat die geliefde so naby soos die helderste ster (Venus) is en dit is baie ver. (strofe 2) • Die spreker laat 'n briefie vir sy geliefde by die helderste ster. • Sy geliefde is by die aandklas. • Hy stuur vir haar 'n briefie anders sou hulle met mekaar gepraat het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	3
9.1.7		ster (Reël 6) / weg (Reël 8)	(1)	2

9.1.8 (a)
- E
- Vergelyking
- E Vergelyking

(Enige EEN) (1) 2

(b)
- D
- Personifikasie
- D Personifikasie

(Enige EEN) (1) 2

(c)
- B
- Inkeping
- B Inkeping

(Enige EEN) (1) 2

(d)
- C
- Metafoor
- C Metafoor

OF
- A
- Elisie
- A Elisie

(Enige EEN) (1) 2

9.1.9 Die spreker wou seker maak dat die geliefde ...
- weet hoe die briefie lyk.
- weet dat die briefie vir haar is.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 4

9.1.10 Die gedig ...
- het baie min leestekens.
- het geen vaste strofebou nie.
- het geen vaste rymskema nie.
- die strofes en reëls is wisselende lengtes.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 3

9.1.11 Ja
- ’n Briefie is romanties.
- ’n Briefie is baie persoonlik.
- ’n Briefie maak ’n boodskap baie spesiaal.
- Die briefie wys vir geliefdes dat iemand omgee en dus baie moeite doen.

OF

Nee
- Dit is baie makliker om dit persoonlik te sê.
- Dit is te outyds.
- Die kommunikasie is te stadig.
- Dit is baie makliker om sosiale media (tegnologie) te gebruik.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1) 5

9.2 ***'PALIMPSES'* – Johan de Lange**

9.2.1 Dit verwys na ’n perkamentrol waarvan die oorspronklike boodskap afgekrap is en dan weer op geskryf kan word. /Vernietiging en herskeppingsproses.
(Of soortgelyk) (1) 1

9.2.2
- Inversie in reël 8.
- Kommapunt in reël 8 wat ’n pouse skep.
- Die herhaling van die woord "stil" in reëls 8 en 9.
- Die tipografiese wit tussen reëls 8 en 9.
- Die komma in reël 9 wat weer ’n pouse skep.
- Inversie / omgekeerde woordorde …

(Enige DRIE of soortgelyk) (3) 3

9.2.3 ons dit nie wil verstaan nie (1) 3

9.2.4 (a) personifikasie / enjambement/ metafoor (1) 2

(b) Beweging / menslike eienskap (1) 2

(c) helder/blou/wolkloos/skoon
(Enige EEN) (1) 2

9.2.5 polisindeton/ alliterasie/ assonansie (1) 2

9.2.6
- Die titel van die gedig verwys na ’n perkamentrol (waarvan die oorspronklike boodskap uitgewis is en) wat weer gebruik kan word.
- Vernietiging is nie permanent nie, want die perkamentrol kan weer gebruik word.
- Die bome wat afgekap word kry weer lewe

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

9.2.7
- B
- onomatopee
- B onomatopee

(Enige EEN) (1) 3

9.2.8 (a) Hy en sy verwys na ...

- die digter wat weer ’n stem aan die bome gee.
- die bome se boodskap oordra.
- iets moois wat geskep word uit die vernietiging van die bome.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

(b) Gamma verwys na ...

- die derde letter van die Griekse alfabet wat dui op die letters wat gebruik word om sin te maak.
- die letters wat woorde vorm om betekenis oor te dra.
- Die gebruik van taal.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

9.2.9 Hy/die skrywer skryf oor die pyn van die mensdom/van mense./
Hy skryf oor die mens se impak op die natuur/.
Hy skryf oor die pyn van die bome/ boodskao wat die bome nie kan oordra nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1) 1

9.2.10
- Daar word weer iets uit die vernietiging geskep.
- Iets nuuts kom uit die vernietiging.
- Daar is herskepping na die vernietiging.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

9.2.11
- Hoewel hy iets moois (kuns/gedigte) skep uit wat vernietig is, gebruik hy self baie papier wat niks anders as vernietigde bome is nie.
- Hy verteenwoordig ook die mensdom en ons vernietig die natuur.
- Hy het dalk nie genoeg gedoen om mense te leer om die natuur te beskerm nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

9.2.12 Nee
- Mense is afhanklik van die natuur se hulpbronne om dinge te maak.
- Mense gee nie regtig om wat van die natuur word nie.
- Mense is net bekommerd oor hul dadelike behoeftes.
- Daar is te veel armoede vir mense om regtig oor die natuur bekommerd te wees.

OF

Ja
Mense is besig om te besef dat ons nie ’n toekoms sal hê as ons nie na die natuur begin kyk nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5
[35]

Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
1	8	6	2	1
2	4	8	0	3
15		14	6	
43%		40%	17%	

TOTAAL AFDELING D: 35

TOTAAL: 70